DAG 11

God is ’n verterende vuur

Lees Hebreërs 12:1-29.

Want ons God is ’n verterende vuur (v. 29).

Die Bybel vertel ons dat wanneer God ’n ontmoeting met mense gehad het, dit dikwels in ’n konfrontasie met vuur was. Abraham het vuur gesien toe hy ’n verbond met God gesluit het. Moses is weer met ’n brandende doringsbos gekonfronteer. Op Sinai was die hele berg aan die brand met rook en weerligstrale. ’n Vuurkolom in die nag het die Israeliete deur die woestyn gelei. Elia was ’n getuie dat God met vuur uit die hemel kon antwoord.

Daar is nog baie voorbeelde van God wat Homself openbaar met vuur uit die hemel. Hoewel die mense wat dit beleef het vol angs en ontsag was, was dit God se bedoeling dat die gevolg van so ’n ontmoeting met mense vir hulle tot groot seën sou wees.

Soms in ons verhouding met die Here gee Hy ’n kragtige openbaring van sy heiligheid en

reinheid. Ons moet altyd onthou dat Hy die Allerheiligste is. Daarom wil die Here hê dat ons sal ontdek wie Hy werklik is. Dan sal ons ook weet dat sy bedoeling met ons altyd goed is. Hy wil dat sy reinheid ons sal vul. Sy vuur moet in ons lewe hoog vlam en alles wat Hom nie verheerlik nie, wegbrand.

Here, ek begeer u vuur in my lewe. Verbrand alles in my waarvan U nie hou nie. Maak my al meer soos Uself sodat my lewe net u heiligheid en reinheid sal weerspieël.

Aantekeninge: